

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema: Grense, andersheid en ontdekkings**

**Skriflesing: Handelinge 11:19-30**

## Broodjies vir die pad

“It makes a difference, doesn't it, whether we fence ourselves in, or whether we are fenced out by the barriers of others?”

— E.M Forster, *A Room with a View*

“Whenever you feel like criticizing any one...just remember that all the people in this world haven't had the advantages that you've had.”

— F. Scott Fitzgerald

“People take different roads seeking fulfillment and happiness. Just because they're not on your road doesn't mean they've gotten lost.”

— Dalai Lama XIV

“We must learn to regard people less in the light of what they do or omit to do, and more in the light of what they suffer.”

— Dietrich Bonhoeffer, *Letters and Papers from Prison*

“We should care for each other more than we care for ideas, or else we will end up killing each other.”

— Louis de Bernières, *Corelli's Mandolin*

“Loneliness does not come from having no people about one, but from being unable to communicate the things that seem important to oneself, or from holding certain views which others find inadmissible.”

— Carl Gustav Jung

“I hold this to be the highest task of a bond between two people: that each should stand guard over the solitude of the other.”

— Rainer Maria Rilke, *Letters to a Young Poet*

“Love is the expression of the one who loves, not of the one who is loved. Those who think they can love only the people they prefer do not love at all. Love discovers truths about individuals that others cannot see”

— Soren Kierkegaard

“There is a twilight zone in our hearts that we ourselves cannot see. Even when we know quite a lot about ourselves—our gifts and weaknesses, our ambitions and aspirations, our motives and our drives—large parts of ourselves remain in the shadow of consciousness. This is a very good thing. We will

always remain partially hidden to ourselves. Other people, especially those who love us, can often see our twilight zones better than we ourselves can. The way we are seen and understood by others is different from the way we see and understand ourselves. We will never fully know the significance of our presence in the lives of our friends. That's a grace, a grace that calls us not only to humility, but to a deep trust in those who love us. It is the twilight zones of our hearts where true friendships are born.”

— Henri Nouwen

“What exactly was the difference? He wondered to himself. And who decided which people wore the striped pajamas and which people wore the uniforms?”

— John Boyne, *The Boy in the Striped Pajamas*

“It is easy to mourn the lives we aren't living. Easy to wish we'd developed other other talents, said yes to different offers. Easy to wish we'd worked harder, loved better, handled our finances more astutely, been more popular, stayed in the band, gone to Australia, said yes to the coffee or done more bloody yoga.

It takes no effort to miss the friends we didn't make and the work we didn't do the people we didn't do and the people we didn't marry and the children we didn't have. It is not difficult to see yourself through the lens of other people, and to wish you were all the different kaleidoscopic versions of you they wanted you to be. It is easy to regret, and keep regretting, ad infinitum, until our time runs out.

But it is not lives we regret not living that are the real problem. It is the regret itself. It's the regret that makes us shrivel and wither and feel like our own and other people's worst enemy.

We can't tell if any of those other versions would of been better or worse. Those lives are happening, it is true, but you are happening as well, and that is the happening we have to focus on.”

— Matt Haig, *The Midnight Library*

“To be someone's best friend requires a minimum investment of time. More than that, though, it takes emotional energy. Caring about someone deeply is exhausting.”

— Malcolm Gladwell, *The Tipping Point: How Little Things Can Make a Big Difference*

“Strange is our situation here upon earth. Each of us comes for a short visit, not knowing why, yet sometimes seeming to a divine purpose. From the standpoint of daily life, however, there is one thing we do know: That we are here for the sake of other men —above all for those upon whose smile and well-being our own happiness depends, for the countless unknown souls with whose fate we are connected by a bond of sympathy. Many times a day, I realize how much my outer

and inner life is built upon the labors of people, both living and dead, and how earnestly I must exert myself in order to give in return as much as I have received and am still receiving.”

— Albert Einstein, *Living Philosophies*

## Met sensasie hou ek my nie op nie, mens!

*Dana Snyman*

Mens, het jy gehoor? Die twee in nommer 14 gaan skei. En hulle was altyd so lovey-dovey met mekaar. Ja, ’n ander een se boeke is vir ’n mens duister. Hy het glo iemand anders, vir ses maande nou al. Daar het jy dit nou. Ek het nog altyd gedink sy ogies sit te na aan mekaar. Iets is nie lekker daar nie. Daarom het ek vir my ou man gesê ek sal hom tot in sy graf in ry as hy dit met my moet doen.

Shame, ek wonder wat gaan nou van die vroujie word. Ek dink nie sy gaan vir lank stilsit nie – nie met daai lyfie nie.

Het jy daai rokkie gesien waarin sy vanoggend hier uit is? ’n Mens hoop net nie hier kom skielik ’n toeloop van mans nie.

Ek weet nie hoeveel keer moet ek nog op ons WhatsApp-groep vir die mense sê: slegs een parkeerplek vir besoekers per eenheid nie. Dit staan tog duidelik in ons kompleksreëls. Hier slaap in elk geval glads te veel vreemdes oor in die laaste ruk.

Hulle vat al die parkeerplekke, dan moet ons gaste buitekant parkeer. Ons kan nie ons standaard hier laat val nie. Kyk hoe gaan dit klaar in die land.

Hulle breek net af en verwoes alles. Lyk my die twee in nommer 17 is darem weer stil.

Ek is nie een wat my neus in ’n ander mens se sake druk nie, maar mens, jy moes darem nou die oggend al daai drankbottels in hul asdrom gesien het. En madam drink glo te lekker saam. Die arme kindertjies. Gepraat van kindertjies, het jy die oulike foto’s gesien van prinses Charlene en prins Albert van Monaco en hulle ou tweetjies? Daai seuntjie lyk darem op ’n druppel water nes sy ma.

Shame, Charlene het darem so bietjie gewig opgetel. Maar sy bly maar maer, nè? Ek kan maar net nie vat kry aan daai Albert nie. Hy’s ’n regte pierewaaier. Het mos nog ’n kind by ’n ander vroujie ook. Ek was mal oor sy ma: prinses Grace. Such a lady. Sy was ook maar nie gelukkig nie, nè?

Shame. Ja, so het elkeen van ons maar sy eie sorg. Ek weet nie hoekom speel my ou man deesdae so baie gholff nie, maar ten minste weet ek waar hy is. Hy sê ek steur my te veel aan die koninklikes, maar het jy gesien die Queen het al weer verjaar? Sy is al 96.

Die stomme ou mens kan nou regtig maar die troon oorgee vir Charles. Lyk tog of Camilla regtig lief is vir hom. Oor prins Harry en daai klein merrie van hom sê ek liever net niks. Dink arme Diana draai in haar graf om oor daai twee. Ag, daai mense is seker ook maar nes ons.

Ek weet ten minste my ou man is op die gholffbaan, hy is nie een vir rondloop nie. Ja, en nou is ou Steve en Rian ook weer aanmekaar. Steve is al een wat nog iets vir ons mense doen, maar ek hou net niks van daai Rian nie. Jy weet seker hy is . . . anders, nè? Maar God slaap nie.

Wat my betref, kan hulle maar maak net wat hulle wil. Ek steur my in elk geval nie aan wat in die media staan nie. Joernaliste is ’n klomp adders. Hulle soek net sensasie.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/met-sensasie-hou-ek-my-nie-op-nie-mens-20220422>

## Brood vir die pad

### Slagspreuk daag die kultuur van ontkenning uit

*RRV*

So paar jaar gelede het ek by die Pulp-fliekteater in Stellenbosch die Duitse regisseur Florian Henckel von Donnersmarck se *Werk ohne Autor* (2018) te siene gekry, en sedertdien het ek al dikwels aan dié rolprent teruggedink.

Von Donnersmarck was ook die regisseur van die Oscar-bekroonde *Das Leben der Anderen* (2006; met as Engelse titel *The Lives of Others*).

*Werk ohne Autor* volg van 1937 oor ’n tydperk van drie dekades die lewe van die skilder Kurt Barnert (wie se karakter deur die Duitse kunstenaar Gerhard Richter se vroeë loopbaan geïnspireer is, hoewel Richter hom later van die rolprent gedistansieer het). Die rolprent open met Kurt wat as sesjarige seun saam met sy geliefde en eksentrieke tannie Elisabeth ’n rondleiding neem waar ’n Nazi-amptenaar “ontaarde kuns” – wat nie die Nazi-ideologie en gepaardgaande werklikheidsbeskouing weerspieël nie – in diskrediet bring, insluitende werke van Picasso en Kandinski. Tog is die jong Kurt gefassineer deur die kunswerke en hy staar in ’n stadium stip na een van die beeldhouwerke.

Dit is ’n ander toneel vroeg in die rolprent wat my veral bybly. Daarin word Elisabeth deur twee Nazi’s onder protes in ’n ambulans gestop as deel van Nazi-Duitsland se gedwonge sterilisasie- en “genadedood”-program. Ons sien hoe die jong Kurt dit alles gade slaan en dan sy hand voor sy oë hou.

Daarop volg ’n kameraskoot uit sy perspektief op sy hand, met sy vingers wat effens uitmekaar strek voordat hy sy hand laat sak. Net voordat die ambulans wegry maak Elisabeth met Kurt oogkontak en sy herhaal die woorde wat sy al vroeër teenoor hom uitgespreek het: “Moet nooit wegkyk nie!”

Die Engelse titel van die rolprent is dan ook *Never Look Away*.

“Moet nooit wegkyk nie” voel in ons dag na ’n slagspreuk wat ons moeilik as lewensuitkyk kan toeëien, veral weens die ontstellende en verskriklike beelde wat via die media na ons kom. Asook in die lig van die leed, verval en onreg wat ons daagliks om ons kan waarneem. Dit is sekerlik onmoontlik om nooit weg te kyk nie, en soms moet ons dalk juis wegkyk, maar Von Donnersmarck se rolprent dien as belangrike waarskuwing teen ’n kultuur van ontkenning, verdomming en ongeërgdheid wat ons kan verontmenslik en vatbaar maak vir nuwe vernietigende ideologieë.

Om nie weg te kyk nie kan ook daartoe lei dat ons anders en dieper kyk. Ons lees dan ook in die Engelse onderskrifte dat Elisabeth in ’n stadium in *Werk ohne Autor* sê: “Don’t look away, Kurt. Everything that is true is beautiful.”

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-slagspreuk-daag-die-kultuur-van-ontkenning-uit-20220507>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877